

# DIE SKIETLOOD



1

SKIETLOOD: 80e Uitgawe 12 Februarie 2016  
saam met Koersvas 80

## EK GLO

Reeds die eerste woorde in beide die Niceense belydenis en die Apostolicum kom tot ons as uitdaging. Wat beteken dit wanneer ons stel "Ek/Ons glo"?

Die formulering van die vraag skimp na die eerste verskil wat ons sien tussen die twee *credo's*. Nicea se '*Credimus*' – Ons glo, staan teenoor die Apostolicum se '*Credo*' - Ek glo.

Beide is uitdrukking van die eerste persoon. Nicea se belydenis stel in die enkelvoud (ek glo) dit wat Nicea in die meervoud (ons glo) stel. Is die verskil groot of klein? Om dit te kan beantwoord, moet ons eers net kyk na die betekenis van die stelling 'om te glo'.

Theodore van Mopsuestia (±350-428nC) begin sy kommentaar van die Niceense belydenis met 'n intellektuele ekskurs oor geloof. Thomas Aquinas (±1225-1274) begin eweneens sy kommentaar oor die Apostolicum met 'n stuk nadenke oor geloof.

Theodore begin deur te stel dat ons telkens in nederigheid besig moet wees met sake soos geloof, God is soveel groter as ons en Sy gedagtes soveel wyer as ons denke. Selfs ons nadenke oor die skepping moet getemper word met die wete dat God met groot wysheid die skepping ontwerp het. Geloof begin by 'n nederige erkenning dat God se geheimenisse meer is as al ons denke.

Die feit dat God besluit het om Homself aan ons te openbaar, is die beginpunt en regverdiging vir ons denke oor God. Ons

geloof is daar omdat God besluit het om deur Sy Gees ons in te lig deur middel van openbaring. Ons kan waag om in geloof oor God te praat omdat Hy gewil het dat ons Hom kan ken en Sy openbaring mag oordink. God se grootste geskenk is dat ons, van sondes verlos, die ewige lewe mag ontvang. Dit beteken dat ons denke in geloof gerig is op die ewigheid saam met ons Skepper. Dit impliseer dat geloof en denke oor geloof uitspeel in die dimensies van God se openbaring, genade en ewigheid. God se verbond is ons waarborg, 'n Waarborg wat ons in doop eenmalig en in nagmaal telkens weer ontvang.

Ons staan onder 'n verpligting om nie hierdie genade van God te versaak of skeef te trek nie, Adam se val is ons versoeking. Ons deelname aan ware geloof is sodat ons nie verlore gaan en uit die Paradys verdryf word nie. Vir die doel is die bely van ons suiwer geloof van groot belang. Die inhoud van ons belydenis is daarom tegelyk ook die rede vir ons geloof. Geloof bevestig vir ons in ons denke dit wat ons nie nou reeds as werklikheid kan aanraak of direk ervaar nie. Geloof laat die siel die onsigbare heerlikheid sien en verstaan. Dit alles aldus Theodore.

Thomas Aquinas praat op soortgelyke trant van geloof: In sy aanslag is die fokus op die gevolge van geloof. Hy stel dat Christene gelowig moet wees om getrou te kan bly (*est fides, sine qua nullus dicitur fidelis Christianus* - faith,



without which no one is truly called a faithful Christian). Geloof het vier goeie gevolge.

Die eerste goeie gevolg is dat die mens op sielsvlak met God verenig word, 'n verbintenis soortgelyk aan 'n huwelik. Sonder hierdie diepe verbintenis met God, is selfs die mees prysenswaardige daad in 'n morele lewe vals.

Die tweede gevolg van geloof is dat die ewige lewe reeds in ons as gelowiges begin manifesteer. Hierdie ewige lewe kom na vore in die feit dat ons God ken en Hy is die Ewige.

Die derde goeie gevolg van geloof, is dat dit ons rigting gee in hierdie lewe, in hierdie bedeling. In geloof leer ons dat die goeie lewe daarin geleë is dat ons in geregtigheid lewe. Geloof oortuig ons dat die ewigheid deurbreek in ons hede en rigting en inhoud gee aan ons denke, leefstyl en menswees in hierdie bedeling van nou.

Die vierde effek van geloof is dat dit ons help om versoeking te weerstaan. Versoekinge vind hulle oorsprong in hierdie vleeslike wêreld of die duiwel. Die duiwel is die brullende leeu wat ons wil oortuig om ongehoorsaam en rebels te wees teenoor God. Geloof help ons om teen hierdie versoeking te stry.

Om hierdie redes bely ons dan ons geloof. Dit beteken nie dat geloof nie onder skoot gaan kom nie. Daar is diegene wat wil aandring daarop dat dit dwaas is om in geloof te vertrou op dit wat onsigbaar is. Aquinas antwoord hierop deur te stel dat dit dwaas sou wees om te glo in die onsigbare; indien die mens se intellek en waarnemings-

vermoë van so 'n aard was dat hulle alle dinge - sigbaar en onsigbaar - kon bemeester. Die feit is dat ons so min weet dat ons telkens met ons eie onkunde gekonfronteer word. Ons kan nie eens deur jare se diepe nadenke 'n vlieg ten volle verstaan nie

Daar is diegene wat geloof wil anker in eie sekerheid. Aquinas se antwoord aan hulle is dat dit nie moontlik is om alles met sekerheid te weet en te ken nie. Hierdie is 'n belangrike insig om te onderstreep. Geloof beteken ook om ander te vertrou, om ander se getuienis as waar te aanvaar. God se hand in die geskiedenis is ons waarborg; geen mens sou dit kon vermag nie.

Hans Küng begin sy kommentaar van die Apostolicum deur te stel dat geloof vandag ander uitdagings het as voorheen. Vandag word geen mens gedwing om te glo nie. Die aanslae teen geloof kom nie net van buite nie, dit kom ook van binne. Baie mense vandag wil steeds glo, maar nie op dieselfde manier as wat die Christene van die eerste vyf eeue, of tydens die Reformasie geglo het nie. Nuwe insigte vanuit die wetenskap en die menswetenskappe stel nuwe uitdagings.

Al is dit waar dat die situasie vandag totaal anders is as selfs 'n eeu gelede, kan ons nie Küng ongekwalifiseerd gelyk gee nie. Die insigte van die wetenskap het ons beeld van die heelal verander. Tog bly die vraag na die skepping relevant. Ons het vandag met ander gelowe en godsdienste te make as in die vierde eeu, dit bly steeds die Christelike geloof teenoor hierdie gelowe. Daar is

vandag sekere dwalinge wat ons geloof uitdaag, maar hulle is maar net ou ketterye met nuwe monderings.

Anders gestel; geloof bly 'n menslike saak en 'n geloofsbelydenis bly vandag net so relevant soos toeka se dae. Die mens is steeds begenadigde sondaar wat moet volhard in die suiwer leer.

Karl Barth se kommentaar oor die Apostolicum begin ook met nadenke oor "*Credo*" (Πιστεύω) – ek glo. Volgens Barth: Geloof fokus op God se werklikheid en Sy bemoeienis met mense. Geloof aanvaar dat ons die insigte van God ontvang en daarom dit erken as gesagvol. Geloof is die keuse om God se openbaring te aanvaar. Dit is 'n keuse teen ongeloof. Hierdie keuse om te glo is nie 'n keuse wat die mens as enkeling maak op grond van kennis, gevoelens of op grond van 'n menslike wilsbeweging nie. Geloof is die antwoord wat ons gee op God se appèl juis omdat God se appèl lewe gee aan geloof. God is nie die voorwerp van geloof nie, Hy is die Outeur en Akteur wat geloof by ons oproep.

Hierdie geloof se krag lê nie in die krag van die gelowige of die inspanning van die toegewyde nie, dit kan gevind word in die waarheid wat bely word. Die Ewige, genadige Waarheid vind ons in die geloofsartikels wat ons bely.

Barth lê groot klem daarop dat die geloof wat ek bely (*credo*), nie die produk is van 'n begaafde enkeling is nie. Ons geloof ontstaan en bestaan midde in die geloofsgemeenskap (kerk). Om *credo* op my lippe te neem is om saam met die kerk, in pas met die kerk as bevoorregte

my geloof te bely. "Ek glo" is eerstens daarom 'n gesamentlike "ons".

Geloofsartikels ontstaan daar waar die kerk God se Werklikheid wat die mens konfronteer, erken, verwoord en bely.

Geloofsbelydenis is nooit net erkenning nie. "Ek glo" kom vanuit die prediking en moet self sy weg terug vind na die prediking toe. Ons geloof is deur suiwer Evangelie prediking verwek. Ons belydenis toets prediking om te bepaal of dit suiwer bly.

God se Werklikheid is volmaak, dit word aan mense toevertrou. Dit beteken dat dit aan menslike interpretasie, wanpersepsies en self kwaadwilligheid uitgelewer kan word. God ken ons as begenadigde sondaars en daarom leef ons in die vertrouwe dat God te midde van die onreine van menslike bestaan, tog die reinheid van die Evangelie verseker. Dit onthef ons nie van ons verantwoordelikheid nie. Ons moet bly by die suiwere toetssteen wat ons in die geloofsbelydenis het.

Die *credo* het ook duidelike grense. Sodra die kerk geloof bely het, is die taak van die kerk nie afgehandel nie. Die *credo* is die aanbod van lig op die donker pad van sending, apologetiek, prediking, barmhartigheid en getuienis in hierdie wêreld. Die *credo* kan hierdie werk van die kerk beskerm teen dwaling, indien al die kerk se aktiwiteite teen hierdie waarhede getoets word.

### **Opsommend**

Dit is duidelik dat die woorde, "ek/ons glo", gelade woorde is wat 'n diepte openbaar wat ons verstom. Die Apostolicum se *Credo* en die Niceense

*Credimus* sluit mekaar nie uit nie, maar eerder in. Die “ek” wat bely, is tegelyk enkeling en kerk. Die “ons” wat glo, is tegelyk kerk en enkeling.

Om te stel dat jy glo, is om erkenning te gee aan die Gans andere, en jy doen dit in gehoorsaamheid te midde van die skare uitverkorenes.

Credimus in unum Deum, Patrem omnipotentem, factorem coeli et terrae, visibilium omnium et invisibilium, et in unum Dominum Jesum Christum, Filium Dei unicum, de Patre natum ante omnia saecula; Deum verum de Deo vero; natum, non factum; ejusdemque substantiae qua Pater est; per quem omnia facta sunt; qui propter nos homines et propter nostram salutem descendit, incarnatus est de Spiritu sancto, in Maria virgine homo factus, crucifixus pro nobis sub Pontio Pilato, sepultus, resurrexit tertia die, ascendit ad coelos, sedet ad dexteram Patris; inde venturus est cum gloria iudicare vivos ac mortuos, cujus regni non erit finis.

Et in Spiritum sanctum, Dominum ac vivificantem a Patre procedentem, qui cum Patre et Filio adoratur et glorificatur, qui locutus est per Prophetas; in unam catholicam atque apostolicam Ecclesiam.

Confitemur unum baptismum in remissionem peccatorum; speramus resurrectionem mortuorum, vitam futuri saeculi.

Amen.

1. Credo in Deum Patrem omnipotentem, Creatorem caeli et terrae,
  2. et in Iesum Christum, Filium Eius unicum, Dominum nostrum,
  3. qui conceptus est de Spiritu Sancto, natus ex Maria Virgine,
  4. passus sub Pontio Pilato, crucifixus, mortuus, et sepultus,
  5. descendit ad inferos, tertia die resurrexit a mortuis,
  6. ascendit ad caelos, sedet ad dexteram Patris omnipotentis,
  7. inde venturus est iudicare vivos et mortuos.
  8. Credo in Spiritum Sanctum,
  9. sanctam Ecclesiam catholicam, sanctorum communionem,
  10. remissionem peccatorum,
  11. carnis resurrectionem,
  12. vitam aeternam.
- Amen